BAR NEWS — BALIENUUS

JOHANNESBURG

Aangestel op regbank

P E Streicher is op 15 Januarie 1989 as regter aangestel. Tydens sy lidmaatskap van die Johannesburgse Balie was regter Streicher ondermeer eresekretaris van die Balieraad, eresekretaris van die Algemene Balieraad vir 'n tydperk van drie jaar asook lid van die Balieraad gedurende 1985/86.



Regter P E Streicher

Nuwe lede en pupille

Die Johannesburgse Balie het die afgelope jaar 20 nuwe lede bygekry en 30 pupille doen tans hul pupilskap.

Balie verlaat

W H R Schreiner SC het die Balie verlaat en is nou Ombudsman van die korttermynversekeringsbedryf.

PRETORIA

Aangestel op regbank

C Botha SC is met ingang van 3 April 1989 as regter in die Transvaalse Provinsiale Afdeling aangestel.



Regter C Botha

Nuwe Balieraad

Die plaaslike Vereniging van Advokate het 'n nuwe Balieraad vir 1989 verkies. Dit bestaan uit advokate I W B de Villiers SC — voorsitter; J L van der Merwe SC; B R Southwood SC; B R du Plessis SC; R D Claassen; P Ginsberg; J W Louw; F G Preller en D S Fourie.

Ledetal en nuwe pupille

Die Pretoriase Balie se ledetal staan tans op 190, insluitende geassosieerde lede. Daar is tans 13 pupillede ingeskryf.

'Dinkskrum'

Verteenwoordigers van die Pretoriase en Johannesburgse Balies het op 11 Maart 1989 aan 'n 'dinkskrum' deelgeneem saam met verteenwoordigers van die Transvaalse Prokureursorde. Verskillende onderwerpe wat vir die beroepe van belang is, is bespreek. Verder het gereelde vergaderings tussen die Pretoriase en Johannesburgse Balies en verteenwoordigers van die Transvaalse Prokureursorde asook die Prokureursverenigings van Pretoria en Johannesburg plaasgevind.

Rekenaars

Die Balieraad het so pas 'n aantal rekenaars vir sy personeel aangekoop. Die 'tandekry'-stadium is byna verby. Ons hoop dat dit die Balie-administrasie meer doeltreffend sal maak.

Sosiale nuus

Op 23 Februarie 1989 is daar tydens 'n geselligheid afskeid geneem van Oudhoofregter P J Rabie wat vir jare lank 'n lid van die Pretoriase Balie was.

Op 15 Junie 1989 is daar vir die eerstemaal 'n 'einde-van-termyn funksie in die Balie-teekamer te Momentumsentrum gehou waarheen al die Transvaalse regters uitgenooi is. Die geleentheid was 'n groot sukses. Dit word beplan om elke jaar so 'n funksie te hou.

'n Verdere nuwigheid wat kollegas gesellig bymekaar gebring het was 'n vleisbraai wat op 1 September in die Balie-teekamer plaasgevind het. Die vleis is op 'n balkon net buite die teekamer op die 17de vloer gebraai!

'n Kontensieuse vraag was of die Balie 'n TV-stel in sy teekamer moes verkry. Uiteindelik is daar besluit om wel so iets aan te koop. Sportgeleenthede wat op weeksdae uitgesaai word vind heelwat aftrek!

Op 20 Oktober 1989 hou die Vereniging 'n Balie-dinee/dans en daar word met groot afwagting daarna uitgesien.

CAPE TOWN

Appointments to the Bench

A M van Niekerk J of the Transvaal Provincial Division and D G Scott SC of the Cape Bar were appointed to the